## ALGEMEEN

Al die opvoeders het nie die instruksies gevolg om die kandidate vir die eksamen voor te berei nie en/of nie die instruksies wat die memorandum vergesel het, gevolg nie.

Data word nie in 'n databasis gestoor as die "Read Only"-eienskap nie van die lêer verwyder word nie. Kandidate is benadeel waar opvoeders nagelaat het om hierdie instruksie uit te voer tydens die voorbereiding van die datalêers voor die eksamen.

### VRAAG 1

Die vraag is goed beantwoord behalwe waar die eienskappe ("properties") van die lêers gebruik of verander moes word.

### VRAAG 2

Die gebruik van tabelstoppe moet aandag geniet.

Baie kandidate is verwar deur die afmetings wat in beide duim en sentimeter gegee is. In die toekoms sal die afmetings slegs in sentimeter aangegee word omdat dit van kandidate verwag sal word om self hulle rekenaars se stellings in Word of by die "regional settings" vanaf duim na sentimeter te verander.

Sommige kandidate kan nog steeds nie kolomme in bestaande teks invoeg nie.

### VRAAG 3

'n Aantal kandidate het punte verloor met die saamvoeging van selle in vraag 3.1 omdat hulle nie die instruksies gevolg het nie.

"Paste special" wat in vraag 3.7 getoets is, kort aandag.

### VRAAG 4

Kandidate het nie geweet hoe om die veld "Deeltyds" in vraag 4.4 te gebruik sonder om dit in die navraag te vertoon nie.

### VRAAG 5

Daar word van kandidate verwag om data vanuit Word-tabelle, sigblaaie en databasisse in Word-dokumente saam te vleg ("merge"). Baie van hulle het nie geweet van die bestaan van die funksie in Word "merge to a new document" nie.

### VRAAG 6

Benoeming van reekse ("ranges") moet aandag geniet.
By die gebruik van die "Vlookup"-funksie moet kandidate weet dat die formule met FALSE moet eindig indien die data in die opsoektabel nie gesorteer is of indien dit nie in stygende volgorde gesorteer is nie. Wanneer 'n reeksnaam nie gebruik word nie

moet daar van absolute selverwysings gebruik gemaak word.

Die aaneenskakelingsfunksie ("Concatenate”) het probleme veroorsaak by die invoeg van woorde en/of spasies tussen die inhoud van selle.

VRAAG 7

"Update" en berekeningsnavrae (vraag 7.2) benodig aandag.
Baie kandidate kon nie die gemiddeld wat in vraag 7.4 gevra is, bereken nie.
Daar moet op gelet word dat so 'n gemiddeld in die voetskrif van die groep geplaas sal word indien dit vir die groep benodig word en in die voetskrif van die verslag as dit vir die verslag as 'n geheel benodig word.

Vraag 8 en 9

Slegs enkele kandidate het hierdie twee vrae aangedurf aangesien dit slegs vir kandidate bedoel is wat programmering studeer.

VRAAG 8

Die vraag is goed beantwoord. Die logiese fout (1 punt) was vir die meeste kandidate 'n probleem.

VRAAG 9

Koshuise: Hierdie klas is suksesvol deur die meeste kandidate voltooi. Hulle weet hoe om "get"- en "set"-metodes te skryf.

Use Koshuise: Nie baie kandidate het geweet hoe om hierdie klas te voltooi nie. Die kandidate weet nie hoe om objekte te gebruik en hoe om die eienskappe van die metodes te kry ("get") en te stel ("set") nie.